

PUILA IMVUILA

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende produsente

LEES BINNE:

- 2 > Mme Jane sê
- 4 > Die waarde van grond-
profiële
- 6 > Voorkom teenspoed
vroegtydig



Boere vereer op die Dag van Feesviering

TYDENS 'N FUNKSIE WAT GEHOU IS OP 23 AUGUSTUS BY MONTE BELLA ESTATE, IN 'N IDILLIESE OMGEWING NABY BLOEMFONTEIN, HET GRAAN SA HULLE GROEP OPKOMENDE BOERE WAT DEEL VORM VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELENDE BOER VAN DIE JAAR, GEVIER.

Graan SA het besluit dat dit belangrik is om 'n dag van feesvieringe te hê waar erkenning aan opkomende boere gegee word vir hul bydrae tot die land se voedselsekureit. Met hierdie gebeurtenis kan Graan SA die vrugte sien van die harde werk wat in hierdie program belê is. "Julle is die trots van ons oes. Julle is die baan-

brekers waarin ons kan sien hoe die boere in hierdie land ontwikkel," het Jannie de Villiers (Hoofbestuurder: Graan SA) gesê tydens sy boodskap aan die ontwikkelende boere wat die dag van die viering bygewoon het.

De Villiers het die gaste toegesprek en die belangrikheid van Graan SA as 'n kommoditeitsorganisasie en die rol van Graan SA in die samelewing bespreek. Hierdie organisasie is daar om boere by te staan om genoeg voedsel te produseer. Hy haal prof Mohammad Karaan (Dekaan: Fakulteit AgriWetenskappe, Universiteit van Stellenbosch) aan, wat die belangrikheid van die vervaardiging van voldoende voedsel as 'n stabiliserende faktor in 'n land beklemtoon. Hoë voedselpryse



4



8

Boere vereer op die Dag van Feesviering



Mme Jane sê...

Die eerste lentereëns het oor groot dele van Suid-Afrika geval, wat beteken dat boere nuwe hoop vir die volgende oes het. Dit is tyd om die beplanning wat jy gedoen het, in die praktyk toe te pas.

Onthou dat jy die regte dinge moet doen om 'n goeie oes te kan hê – doen dus die basiese dinge reg. Dit laat die vraag ontstaan – wat is die basiese dinge en wat beteken dit om die regte dinge te doen?

- Grondvoorbereiding – maak seker dat jou lande dieper as 40 cm bewerk is en dat daar nie 'n ploeglaag is wat wortelontwikkeling kan verhoed nie.
- Bemes volgens jou grondontledings.
- Maak seker dat jy die korrekte kultivars kies en dat jy 'n optimale plantpopulasie het – nie te veel plante nie, maar ook nie te min nie.
- Beheer jou onkruid – onkruid is deurentyd jou vyand, omdat dit met jou gewas kompeteer vir vog, voedingstowwe en sonlig.

Wees daaglik op jou lande – een van die belangrikste faktore is om volgehoue aandag aan jou gewas te gee. Jy moet weet wat met jou gewas gebeur sodat jy alles in jou vermoë kan doen om sukses te verseker. Slegs God kan reën en sonlig gee – jy is verantwoordelik vir die ander dinge.

Mag jou oeste geseënd wees, omdat jy Suid-Afrika bystaan met voedselsekureit en werkskepping asook 'n inkomste genereer en ons nasionale kosmandjie vermeerder.



Die Bestaansboer van die Jaar: Joconia Mthethwa.



Die funksie was by Monte Bella Landgoed in Bloemfontein gehou.



Die benoemdes in die kategorie, Bestaansboer van die Jaar, van links: Albert Mazibuko (benoemde), Joconia Mthethwa (wenner), Wilson Tyelaphantsi (benoemde), Benedictus Gxiva (finalis) en Emmanuel Hadebe (finalis). Die sesde genomineerde, Tiki Pitso, kon ongelukkig nie die funksie bywoon nie.



Die idilliese omgewing by Monte Bella Landgoed.

is ongelukkig die katalisator vir politieke onstabieleit. Boere het dus 'n groot verantwoordelikheid om te volhard in moeilike tye en sodoende te verseker dat daar genoeg voedsel vir die land geproduseer word.

Hierdie organisasie moet ook optree as die stem van die boer en speel dus 'n leierskapsrol. "Ek glo dat die een met die groter visie, groter verantwoordelikheid kry," het De Villiers gesê en daarop gewys dat Graan SA gereed is vir hierdie verantwoordelikheid. "Ons kan 'n visie van 'n beter Suid-Afrika sien as ons hierdie projek aan die gang kan hou," het hy afgesluit.

Jerry Madiba (Hoof Uitvoerende Beampte: AgriSeta) het die rol van opleiding by die ontwikkeling van boere beklemtoon en het gesê dat wanneer organisasies saamwerk, suksesvolle

opleiding plaasvind. Hy beklemtoon die feit dat opleiding mense se ingesteldheid verander en mense inspireer om hoër doelwitte te bereik. Hy het Graan SA bedank vir die verskaffing van indiensopleiding en die ontwikkeling van die vaardighede van opkomende boere.

Die rol van die boer by transformasie is deur Karabo Peele (Voorsitter: Mielietrust) aangespreek. Hy vind dit opwindend om te sien dat Graan SA ander organisasies gewys het waarvoor transformasie gaan. Hy het boere aangemoedig om aan te pas by daaglikse veranderinge in die landbou en nie net te luister na raad nie, maar toe te pas wat hulle geleer het. "Ek ondersteun hierdie organisasie, omdat Graan SA ons geleer het om boere te word," het Peele bygevoeg.



Die benoemdes in die Kleinboer van die Jaar-kategorie, van links: Vincent Mdluli (benoemde), Bongani Sibanyoni (finalis), Elliot Tshabu (finalis) en Pieter Chabalala (wenner).



Die Kleinboer van die Jaar: Pieter Chabalala.



Die nuwe lede van die 250 Ton Klub (brons), van links: Jack Kokoma, Thulane Mbhele en Pieter Chabalala. Buti Coka, Rykie Raphoto en Thembanji Moyo het nie die funksie bygewoon om hul toekennings te ontvang nie.



Israel Mothabane word die eerste lid van die 250 Ton Klub se platinum-vlak, die vervaardiging van meer as 1 500 ton. Saam met hom is Johan Kriel.



Die borge van die dag se program, van links: Etienne Claassen (ENB), Harry Matebese (Pannar) en Hanlie Kroese (Santam Agri).



Louw Steytler (Voorsitter: Graan SA) en Jannie de Villiers (Hoofbestuurder: Graan SA) is trots om deel te wees van 'n organisasie wat opkomende boere ondersteun.

Louw Steytler (Voorsitter: Graan SA) het eenheid in die landbou bespreek en beklemtoon dat samewerking die sleutel tot sukses in die landbou-industrie is. "Eenheid kan voedselsekureit in ons land verseker," het hy gesê en bygevoeg dat Graan SA bereid is om 'n leidende rol te speel in die bevordering van landbou in Suid-Afrika.

Vir Jane McPherson (Programbestuurder: Graan SA Ontwikkelingsprogram) is hierdie gebeurtenis 'n hoogtepunt op die Graan SA-kalender. Sy het gesê dat Graan SA passievol is oor die ontwikkeling van boere. Sy voel dat dit baie belangrik is om erkenning aan dié boere te gee wat nie groot stukke grond bewerk nie. "Jy kan voedsel produseer op klein stukkie grond as jy dit reg doen," het sy gesê. Omdat kleiner boere nie kan kompeteer met die groter kommersiële boere in die Boer van die Jaar-kompetisie nie, was dit belangrik om ander kategorieë te skep waar hierdie boere erkenning kan kry vir hul harde werk. Jane het al die genomineerdes gelukkig gewens met hul prestasies.

Die volgende kategorieewenners vir die Boer van die Jaar-kompetisie is aangekondig:

- Kleinboer van die Jaar (vanaf 10 hektaar tot die produksie van 250 ton): Pieter Chabalala; en
- Bestaansboer van die Jaar (boere wat minder as 10 hektaar produseer): Joconia Mthethwa.

Tot en met hierdie jaar het die 250 Ton Klub drie vlakke gehad – brons, silwer en goud, maar hierdie jaar moes 'n vierde vlak, platinum, bygevoeg word toe Israel Mothabane (wat ook 'n lid van die Uitvoerende Komitee is) 1 500 ton gedurende die seisoen geproduseer het. Een nuwe lid is bygevoeg tot die goue vlak vir boere wat meer as 1 000 ton produseer, terwyl die silwer vlak (vir die produksie van meer as 500 ton) drie nuwe lede bygekry het. Die 250 Ton Klub se bronsafdeling het sertifikate en kentekens aan ses nuwe lede oorhandig. Hierdie klub vier die vordering en harde werk van hierdie boere en beklemtoon die belangrikheid van die Ontwikkelingsprogram vir Boere.

LOUISE KUNZ, PULA/IMVULA MEDEWERKER

Die waarde van grondprofile



Hierdie Oos-Vrystaatse grond word tans voorberei vir die komende somergewas plantseisoen.

BOERE IS BESIG MET DIE VOORBEREIDING VAN LANDE VIR DIE KOMENDE SOMERGEWAS PLANTSEISOEN. DIE LAND WAT GETOON WORD, IS GELEË IN DIE OOS-VRYSTAAT. SOJABONE IS IN DIE VORIGE SEISOEN, WAT NORMALE EN WISSELVALLIGE REËNVAL ERVAAR HET, GEPLANT. DIE SOJARESTE IS LIGGIES BEWEI GEDURENDE DIE VROË WINTERMAANDE, WAARNA DIE LAND NET EEN SLAG MET 'N STOPPELBEWERKINGSIMPLEMENT TOT 'N DIEPTE VAN 250 MM BEWERK IS.

Die tipe implement wat gebruik word asook die beplande diepte van bewerking van die tande, hetsy 'n veerbelaaide tand of vaste tand, kan grootliks bepaal word deur tradisie, normale boerderypraktyke op jou eie of jou buurman se plase, oorskakeling na bewaringsboerdery, onkruidbeheer of 'n behoefte aan die breek van 'n ploeglaag. Elke boer is gewoonlik outuig dat sy metode reg is.

Ons kan maklik die toestand van die grond-tot-lug tussenfase sien en evalueer, maar wat gebeur onder en in die hele grondprofiel?

'n Grondprofielgat van 1m² wat tot in die effektiewe worteldiepte strek, tot op 'n maksimum van 1,2 meter tot 1,5 meter vir hoëpotensiaal grond met geen beperkende laag nie, kan gebruik word op 'n verskeidenheid maniere om te help met die beplanning vir die komende plantseisoen. As jy nog nooit grondprofile op enige van jou lande gedoen het nie, is dit raadsaam om te begin om dit hierdie jaar te doen.

Die gebruik by oorhoofse beplanning

Die resultate van 'n opname kan 'n aanduiding gee van die hoë-, medium- en laepotensiaal lande vir graanproduksie, wat grootliks 'n bepaling is van die diepte, tekstuur en vrugbaarheid van die grond, gekoppel aan die gemiddelde reënval en die tyd van die reënval in jou boerdery. 'n Soortgelyke grond in 'n hoër reënvalgebied sal oor 'n hoër graan- of weidingsproduksiepotensiaal beskik as in 'n laer reënvalgebied.

Hierdie inligting kan baie nuttig wees en by 'n langtermynbeplanningsproses kan dit die hoeksteen vir die analise van die beste gebruik van die

grondhulpbronne op jou plaas vorm. Die hoë insette wat nodig is vir die produksie van mielies, sonneblom, sojabone, koring en ander gewasse kan gewoonlik slegs 'n opbrengs bied op die hoëpotensiaal gronde en vir sekere gewasse, soos sonneblom, op die mediumpotensiaal gronde. Die laepotensiaal gronde moet gevestig word onder meerjarige weidings en opgeneem word in die langtermyn-voervloeioprogram vir die lewendehawevertakking.

Die gebruik van spesifieke profile in elke land

Dit is nuttig om 'n behoorlike grondprofielmonster te neem voor die eerste bewerking en dan weer na planttyd. Gewoonlik is net 'n paar goeie profielgate in lande wat verteenwoordigend is van die grond wat op 'n spesifieke plaas gevind word, genoeg om die nodige inligting te verskaf. Nadat dit gedoen is, kan 'n grondboor of 'n eenvoudige grondpenetreerstaaf van ongeveer 6 mm in deursnee gebruik word om die lande sonder veel moeite te evalueer vir kompaksie.

Die uitvoering van die opname hierdie tyd van die jaar, kan gedoen word in samewerking met 'n jaarlikse of tweeejaarlikse ontleding van grondmonsters vir die doel van die bepaling van kunsmisvereistes. Dit beklemtoon ook die belangrikheid van die korrekte bemesting van hoëpotensiaal gronde en nie oor-bemesting vir 'n beplande gewaspotensiaal wat nie sal realiseer op medium- tot laepotensiaal grond nie.

Grondmonsters kan geneem word in die boonste 150 mm tot 165 mm en in die volgende laag onder die boonste laag. Baie interessante inligting kan verkry word deur die vrugbaarheidstoetsresultate vir die verskillende elemente en fosfaatvlakke in besonderhede te vergelyk.

Waarneming van die grondoppervlak voor planttyd, sal aantoon wat die hoeveelheid reste is wat agtergebly het, grondtekstuur, organiese materiaal, oppervlakovog en die omvang van enige onkruidontwikkeling gedurende die winter. Net deur op die oppervlak te loop, sal alreeds 'n aanduiding gee van kompaksie. Grond wat in 'n ideale toestand is, soos gewoonlik na stoppelbewerking, moet veerkragtig en los wees.

Sodra die voor-plantgat afgehandel is, kan jy in die gat klim en die boonste 30 cm tot 40 cm evalueer waar 'n verdigtingslaag gewoonlik

aangetref word. 'n Meslem kan dan gewoonlik gebruik word om liggies deur die grond in die profielgat te sny. 'n Verdigtingslaag sal gou gevoel word. Die verdigtingslaag in lande waar daar slegs vir 'n paar jaar snybewerking toegepas is, sal onmiddellik wys. 'n Digitale foto van elke oefening kan geneem word vir rekorddoeleindes. Dit word die beste gedoen wanneer die grond by veldkapasiteit is, wat beteken dat die grondporieë saamgestel is uit 50%-lug en 50%-vog. Die tekstuur en voginhoud van die grond in die profiel kan aangeteken word en 'n beraming van die totale water wat gestoor word, met inagneming daarvan dat die hele profiel beskikbaar is vir die plant gedurende 'n groeiseisoen, kan gemaak word.

In 'n baie droë profiel kan die verdigtingslaag erger voorkom, so akkurate evaluering moet gedoen word.



'n Omvattende grondprofiel van die land.

In die grondprofiel byvoorbeeld, soos hierbo getoon, is die bogrond 'n sanderige klei-leem en kan ongeveer 25 mm water vir 150 mm grond-diepte stoor. Die sagte plintietlaag sal 35 mm of meer van die vog vir elke 150 mm grond-diepte stoor. Die dieper Westleigh-grond kan byna 150 mm vog stoor, afhangende van die reënval in die laatsomer en winter en die verbouingspraktyke wat gevolg is. In gebiede waar die jaarlikse reënval ongeveer 600 mm is, verteenwoordig hierdie gestoorde vog 'n 1/4 van die jaarlikse reënval.

By hierdie spesifieke grondprofiel is die sagte plintietlaag op ongeveer 50 cm, maar het geen wortelbeperking nie. Dus kan die grond, tesame met die sanderige klei-leem bogrond, beskou word as 'n mediuimpotensiaal grond vir verbouing. In reënvalgebiede van meer as 650 mm, kan hoë op-

brengrs van somergewasse bereik word met 'n goeie algehele gewasverbouing.

Enige gewasse wat op 'n rusland geplant is, sal in staat wees om hierdie reserwes te onttrek indien daar 'n ondergemiddelde reënvalseisoen voorkom. Terwyl die beplanning voor die seisoen gedoen word, kan hierdie ideale gestoorde vog beskou word as geld in die bank.

Wanneer 'n kompaksiesone geïdentifiseer is, kan die instelling van die korrekte diepte van verbouing of werksdiepte van die implement se tande korrek ingestel word en dan kan die werklike werksdiepte daarna gemonitor word met die grondpeneertreerstaaf.

Die oogmerk waartydens plantreste op die oppervlak gelaat word, behoort vir minimum bewerking minstens 15% te behels, ten einde behoorlike deurlugting van die bo-grond daar te stel. Dit is ook belangrik om te verseker dat die prosedure betyds voltooi word sodat enige vog van die winterreën en vroeë somerreën maklik die grondprofiel kan deurdring en gestoor word vir die komende somerseisoen.

Verskillende grondprofiel na die bewerking van die lande kan gebruik word om aan te dui of die verdigtingslaag gebreek of gekraak is. Die gat kan ook gebruik word om die boer tevrede te stel dat die werk goed gedoen is en die trekker- en toerustingoperateurs te wys wat bereik moet word en te bepaal wat die doeltreffendheid van die huidige bewerkingsprosedure is.

Die aanplant van die komende someroes kan nou uitgevoer word met die wete dat die plante geen verdigte grondlae in die hoofwortel-groeisone sal hê nie en dat die maksimum potensiële oesopbrengs gedurende die volgende seisoen gerealiseer kan word.

**ARTIKEL VERSKAF DEUR
'N AFGETREDE BOER**

Voorkom teenspoed vroegtydig

NAVORSING HET GETOON DAT DIE SKENKING VAN NOUKEURIGE AANDAG AAN VOERTUIE, IMPLEMENTE EN MOTORS SOWEL AS DIE IMPLEMENTERING VAN 'N EFFEKTIEWE INSTANDHOUDINGSPLAN, BOERE GROOT BESPARINGS-POTENSIAAL BIED, SELFS AL SOU DIT NIE ALTYD SIGBAAR WEES NIE. DIT MOET VERKIESLIK ÓF NA OESTYD, ÓF VOOR PLANTTYD, GEDOEN WORD.

Oktober is 'n ideale maand vir boere om te fokus op hul masjinerie ten einde die krisis in verband met teenspoed te vermy wanneer die nuwe seisoen se siklus met sy haas en spanning begin. Deur die tydperk tussen oestyd en planttyd te gebruik om jou plaasvoertuie en implemente te kontroleer, te diens en te herstel, kan jy waardevolle staantyd gedurende planttyd vermy.

Trekkers

Jou trekker werk die hardste van al die masjinerie en implemente en moet daarom gereeld gediens word. Hieronder is 'n paar dinge waaraan jy aandag behoort te gee:

Ontstekingskakelaar

- Gaan die ontstekingskakelaar, alternator en knormoer na.
- Kontroleer al die bedrading vir tekens van vertering en veroudering. Vervang enige bedrading wat tekens van krake toon.

Brandstofstelsel

- Diens die brandstoffilters wat besoedeling van die brandstof verhoed.
- Het die brandstofspuitpunte 'n diens nodig? Dit is gewoonlik 'n werk vir 'n vaardige werktuigkundige; maak dus seker of dit nie na 'n dienssentrum geneem moet word nie.
- Onthou dat skoon brandstof belangrik is vir effektiewe werking van die spuitpunte.
- Maak die brandstof tenk skoon, veral as diesel ingegooi is uit blikke wat vuil kon gewees het.

Lugfilters

- Die toevoer van lug moet so skoon as moontlik gehou word, aangesien dit onnodige slytasie op die belangrike dele van die enjin verhoed.
- Indien jou lugfilter oor 'n stofversamelaarsbak met deksel beskik, maak dit ook skoon.
- Vervang of maak die lugfilters skoon.
- Gaan pype na vir krake.

Krukas

- Dreineer die ou olie en vervang met vars olie. Voordat jy die olie dreineer, is dit egter raadsaam om seker te maak dat die enjin normale werkingstemperatuur bereik het, sodat enige vorm van besoedeling/onsuiwerhede in die olie opgelos sal word en uit die enjin dreineer.
- Vervang die oliefilter voordat die nuwe olie bygevoeg word.

Ratkas

- Kyk na die vlak van die smeermiddel. Voeg by indien nodig om dit so-doende tot op die regte vlak aan te vul.

Hidrouliese stelsel

- Dit moet gedreineer word en ten minste een of twee keer per jaar opgevolg word om te verseker dat die vuil deeltjies in die water en vloeistof wat deur kondensasie gevorm word, verwyder word.
- Hervul met die aanbevole vloeistof voor die enjin aangeskakel word om ernstige skade aan die hidrouliese pomp te vermy.

Verkoelingstelsel

- Om oortollige hitte wat deur die enjin ontwikkel word, weg te lei, moet lug vrylik deur die verkoelers binnene beweeg.
- Verwyder die sierrooster, vuilheid en stof van die agterkant.
- Gebruik 'n lugspuitstuk, tuinslang of selfs 'n handpomp.
- Dra 'n veiligheidsbril en ander beskermende kleredrag wanneer jy dit doen.
- Kyk vir tekens van lekkasies op die boonste verkoelertank, onderste tank of in die middel wanneer die enjin warm is.
- Kyk vir tekens van lekkasies rondom die seëls van die waterpomp-as.
- Dit is 'n goeie idee om die verkoelingstelsel te dreineer en te spoel, selfs indien geen hersteldiens nodig is nie. Hervul die stelsel met die aanbevole vloeistof.
- Gaan die toestand en spanning van die waaierband na. 'n Los band sal gly en verhoed dat die verkoelingstelsel behoorlik funksioneer.

Elektriese stelsel

- Gaan die vloeistofvlakke in die battery na. Indien dit laag is, moet jy skoon water byvoeg.
- Maak die terminale skoon ten einde te verseker dat hulle vry is van roes. Dit kan gedoen word met 'n oplossing van koeksoda, maar maak seker dat hierdie oplossing nie in die battery kom nie.
- Hou die battery ten volle gelaai. Maak seker dat die terminaalklampe styf is en seël liggies met ghries.
- Toets om seker te maak dat die klampe in plek is, aangesien rowwe terrein die battery kan laat skud en sy houder breek.
- Gaan die algemene toestand van die bedrading na en kyk uit vir geroeste verbindings tussen die drade en die terminale van elektriese onderdele. Hierdie terminale kan soms ontkoppel en skoonmaak word om te verseker dat hulle behoorlik funksioneer. As jy besluit om enige terminale af te sluit, ontkoppel die negatiewe pool om enige moontlikheid van 'n kortsluiting tussen die drade of die terminale tydens die skoonmaakproses te voorkom.
- Gaan die bedrading asook die montering van die ligte na.
- Ondersoek alle bande vir slytasie en gaan die spanning na.

Koppelaar en remme

- Indien nodig, maak die remme stywer en maak 'n paar aanpassings, sodat albei pedale egalig vat.
- Die koppelaarpedaal moet nie oor te veel vrye beweegruimte beskik nie. Die handkoppelaar moet nie te los wees nie.

Stuurmeganisme

- Kontroleer die vlak van die smeermiddel en bring dit tot op die aanbevole vlak. Dit is gewoonlik nie nodig om die oorblywende smeermiddel te dreineer nie.



- Gaan die toestand van die voorwiellaers na en vervang indien dit geslyt is. As dit egter nog in 'n goeie toestand is, gee net olie.
- Gaan die stuur-kort-as na vir slytasie.
- Ondersoek die stuurkas vir oortollige speling – diens of vervang indien dit so is.

Bande en wielbelading

Bande moet gepomp word tot die korrekte druk. Bande wat te styf gepomp word, veroorsaak 'n afname in traksie en veroorsaak wielglijp op sagte grond, wat veroorsaak dat die loopvlak op die kant van die band wegslyt. Wees versigtig om nie jou bande te styf te pomp nie, aangesien dit beslis voortydige slytasie veroorsaak, tot verhoogde kompaksie lei en daarna verhoging in brandstofverbruik veroorsaak as gevolg van verhoogde weerstand. Studies het getoon dat bande wat tot op die verlange druk gepomp word, tot 20% minder brandstof sal gebruik as dié wat te styf of te pap gepomp is.

- Kyk vir tekens van barste of snye in jou bande. Herstel dit so gou as moontlik, eerder as om dit te doen tydens 'n kritieke boerderybedrywighede.
- Kontroleer die wielvellings vir skade veroorsaak deur slaggate of skerp voorwerpe. Gebuigde vellings kan reggestel word met 'n hamer.
- Gaan die druk van die bande na.
- Gaan die wielbelading in die bande na, veral voor ploegtyd of ander bedrywighede, deur gebruik te maak van 'n swaar trekstang. Dit sal verhoed dat die wiele gly en meer brandstof gebruik as wat nodig is.

Implemente

- Gaan deur al jou implemente vir gebreke of ontbrekende dele.

- Kontroleer dele wat hard gewerk het en verweer is, aangesien dit vervang moet word. Dit sluit in items soos ploegskare, skottel-eg skottels, buste en laers ensovoorts.
- Gaan alle rubberpype en plastiekdele, soos waaiers, na vir krake.
- Gebruik 'n smeermiddel op al die belangrike werkende dele, soos die laers en aste.
- Gaan die bande van die implemente na en herstel of pomp waar nodig.
- Kontroleer jou masjinerie baie noukeurig; draai alle boute, moere en skroewe vas wat met verloop van tyd losgekrom het. Hierdie eenvoudige voorsorgmaatreël kan geld bespaar deur duur skade te vermy.
- Dit is ook tyd om te dink oor die veiligheid van die toerusting wat nodig is tydens die werking van die masjinerie sowel as die aankoop van voorraad soos handskoene, maskers en brille wat jou sal help om ongelukke te vermy en jou werknemers ten alle tye sal beskerm.

Basiese veiligheidswenke

Dit is altyd belangrik om 'n verantwoordelike boer, werkgewer en werknemer te wees, so hou hierdie belangrike veiligheidswenke in gedagte.

Diens jou plaastoerusting op 'n geskikte plek wat verkieslik 'n beton of baie skoon vloer het met 'n seil op die grond. Hou jou gereedskap byderhand en in netjiese volgorde. Let noukeurig op waar jy elke item verwyder en sit dit georden op jou werkbank of selfs op die seil neer.

- Skakel altyd jou enjins af voor hervulling, diens of smering.
- Moet nooit onder onstabiele masjiene werk nie – maak seker dat hulle veilig is.
- Moet nooit belde verwyder of vervang terwyl die katrolle draai nie.
- Hou werkoppervlakte asook trappe van werkoppervlakte vry van ghries en olie om gly en val te verhoed.



Die publikasie word maandelik gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.

GRAAN SA
PO Box 74087, Lynwood Ridge, 0040
▶ 08600 47246 ◀
www.grainsa.co.za

VERSPREIDING
Debbie Boshoff
▶ 08600 47246 ◀
www.grainsa.co.za

ONTWIKKELINGS KOÖRDINEERERS
Danie van den Berg
Free State (Bloemfontein)
▶ 071 675 5497 ◀
danie@grainsa.co.za

Johan Kriel
Free State (Ladybrand)
▶ 079 497 4294 ◀
▶ Office: 051 924 1099 ◀
johank@grainsa.co.za
Dimakatsi Nyambose

Jerry Mthomboti
Mpumalanga (Nelspruit)
▶ 084 604 0549 ◀
▶ Office: 013 755 4575 ◀
jerry@grainsa.co.za
Nonhlanhla Sithole

Naas Gouws
Mpumalanga (Belfast)
▶ 072 736 7219 ◀
naas@grainsa.co.za

Jurie Mentz
Mpumalanga (Vryheid)
▶ 082 354 5749 ◀
▶ Office: 034 980 1455 ◀
jurie@grainsa.co.za
Sydwell Nkosie

Ian Househam
Eastern Cape (Kokstad)
▶ 078 791 1004 ◀
▶ Office: 039 727 5749 ◀
ian@grainsa.co.za
Jenilee Bunting

Lawrence Luthango
Eastern Cape (Mthatha)
▶ 076 674 0915 ◀
▶ Office: 047 531 0619 ◀
lawrence@grainsa.co.za
Cwayita Mpotyi

Toit Wessels
Western Cape (Paarl)
▶ 082 658 6552 ◀
toit@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK
Infoworks
▶ (018) 468-2716 ◀
www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Ons poog om die beste maandelike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.

Voorkom teenspoed vroegtydig



- Wees bewus daarvan dat hidrouliese lyne onder hoë druk kan wees. Sorg dat jou oë veilig is.
 - Moenie lekkasies met kaal hande ondersoek nie.
 - Gebruik oogbeskerming en ander nodige persoonlike beskermende toerusting. Hierdie kan dalk soos 'n paar eenvoudige punte lyk, maar statistieke toon dat die meeste plaasongelukke plaasvind tydens die hantering van swaar masjinerie en toerusting.
 - Operateurs die gevare leer van bewegende dele en hulle bewus maak van die gevare om verstregtel te raak in katrolle of mengers. Hulle moet nooit los klere dra wat ingetrek kan word nie.
 - Operateurs en bestuurders die belangrikheid daarvan leer om skoon te maak waar onkruid, gras of hooi versamel en hulle bewus maak van die risiko's van 'n brand. Voorsien 'n geskikte brandblusser.
 - Ekstra voorsorgmaatreëls tref wanneer bestuurders agteruit wil ry en 'n deeglike ondersoek moet uitvoer. Werkers en bestuurders moet ook opgelei word om 'n geskikte kommunikasiesstelsel te hê met betrekking tot die aksies wat geneem word. Te veel gevalle is gerapporteer waar werkers vasgevang word tussen die trekker en die masjien wanneer dit gekoppel of ontkoppel word.
 - Plaaswerkers en masjinerie-operateurs moet waarsku om versigtig en oplettend te wees. Hulle moet dikwels op lere klim, op hoë platforms werk en die risiko loop om te gly en van hoë posisies af te val as hulle te haastig is, nie die regte skoene dra nie of selfs as hulle siek is.
- Boerderytoerusting is gevaarlik – voorkom en beskerm**
- Ten einde gevare te vermy wat 'n bedreiging inhou vir diegene wat daarmee werk, óf naby is, moet jy:
- Seker maak dat die operateurs oor die nodige vaardighede en die nodige beskerming beskik om die masjinerie te gebruik. Maak seker dat hulle bewus is van die gevare, ingelig is en veilig is.
 - Bestuurders leer hoe om 'n "veilige stop" uit te voer. Die handrem moet opgetrek wees, kontroles in neutraal en die enjin moet afgeskakel word.
 - Seker maak dat al die relevante skerms in plek is en gevaarlike werkende dele bedek wat 'n hand of selfs 'n kledingstuk kan intrek.

JENNY MATHEWS,
PULA/IMVULA MEDEWERKER